NEWSLETTER, NUUSBRIEF – June 2013

Beste Lid,

Die groot nuus die maand die **klub naweek** wat ons beplan vir **24-25 Augustus 2013** in die Noord Wes provinsie naby Derby by Kareekloof Wildplaas. Dit gaan ‘n propvol naweek wees met lekker Nguni dinge. Moet dit nie uitmis nie en bespreek solank jou verblyf by Kareekloof.

Hierdie maand doen ons ‘n storie van Komoetie Nguni Stoet – lees bietjie hoe boer die manne met mooi beeste teen die Magaliesberge….

<u>LEDE NUUS/NEWS:</u>

Note that the Northern Nguni Club welcomes both Stud and Commercial Nguni Farmers to join the club. It is important to pay your membership fees – the membership fees are: R150 for registration and R400 annually. Please send any enquiries or changes in existing contact details to n.nguni.club@gmail.com or contact Theo van Heerden at 082 8737399. Follow the section on training to view where old and new members can get educated in this year. New members should consider buying the Nguni CD from the Nguni Cattle Breeders Society:

Nguni CD for sale for R50 and contains the followoing:

1. Ekotipes
2. Description
3. Tegnies en admin
4. Kodes vir afkeurredes / Codes for rejection reasons
   Disqualifications of Nguni cattle (Schedule B)
   Semen and embryo donors
   Skedule G2 – Veilings onder die beskerming van die Genootskap / Requirements for sales held under the auspices of the Society

LEDE BEKENDSTELLING

Komoetie Nguni Stud: Theo van Heerden & Charl Enslin

Vinnige Feite:

Stoet Naam:	**Komoetie Nguni Stoet**
Eienaar:	**Theo van Heerden & Charl Enslin**
Website	**www.komoetienguni.co.za**
Getal Diere:	**105**
Gem. TKP	**364**
Area:	**Scheerpoort (NW)**
Beroep:	**IT & Gesondheid**
KKM	**CT**



Komoetie Nguni Stoet is begin deur Theo en Charl in 2009 toe hulle ‘n paar Ngunis uit die Noord Kaap aangekoop het. Dit was natuurlik ‘n klein fout want die diere het nogals gesukkel om aan te pas in die strawwe hartwater Magaliesburg area. Intussen het Theo en Charl al wat ‘n boer is besoek en al wat ‘n kursus is bygewoon om uit te vind wat ‘n Nguni Stoet Boerdery behels. Hulle het ook beeste by die Noordelike Nguni Klub Veiling aangekoop. Die kudde soos dit in 2009/10 gelyk het en nou is het totaal verander. Hulle het hul seleksie doelwitte vasgemaak vir die teel van n vrugbare (TKP < 385 dae) vroegryp (OEK < 30 maande) vroulike kudde wat op natuurlike weiding, met slegs strategiese lekaanvulling, elke jaar 48-50% van haarself speen. Dit beteken beeste is geselekteer uit vrugbare stoet bloedlyne om mee te begin vir uitsonderlike TKP. Dan moet die bees hom/haarself bewys deur ‘n ordentlike kalf te speen sonder om die ma se vrugbaarheid te beinvloed (48-50% speen persentasie). Natuurlik moet die diere eers aanpas op die plaas.

Sien hieronder antwoorde op ‘n paar vra wat aan hulle gestel is:

1. **Waar kom die naam Komoetie Nguni vandaan?**

Ons eerste bul se naam was Benjamin en toe besluit ons op Benjamin Komoetie. Baie mense kies een of ander Afrika naam – ons het besluit dis Afrikaans maar tog etnies.

2. **Waar kom die liefde vir Ngunis vandaan?**

Dit het maar op ons gegroei. Ons was gelukkig om met Ngunis te begin en die beeste wat ons selekteer is uiters vrugbaar met baie min inset kostes. Die Nguni het ‘n goeie geaardheid wat dit lekker maak om met hulle te werk. Dan is hulle nog vrek mooi ook….

3. **Boer julle stoet of kommersieel?**

Stoet vir nou. Die plan is om ‘n uitstekende stoete kudde van so 100 vroulike diere te behou en dan kommersieel met Borane te kruis. Ons is amper daar.

4. **Hoeveel beeste boer julle mee?**

Huidiglik 105 met twee stoet bulle. Ons is besig om nou eers ons eie bulle te teel. Hulle loop by die Potch Velbul klub en hulle lyk baie belowend.

5. **Hoe loop julle pad in die boerdery?**

Ons het ‘n goeie fondasie met die uitstekende vroulike diere en bulle wat ons huidiglik het. Van hier af wil ons net selekteer en ‘n goeie produk aan die mark bied. Die kudde is geslote vir nou – bio-sekuriteit is baie belangrik en ons toets die kudde gereeld.

6. **Waar dink julle lê die toekoms van die Nguni ras?**

Ons dink die Nguni moet begin fokus om vleis te produseer. Met dit moet ons nie groter Ngunis begin boer nie, maar beslis nie kleiner Ngunis nie. Die Nguni ras moet fokus op die kommersiele mark waar daar beslis ‘n geleentheid gaan wees om veld vleis te produseer met ‘n os stelsel. Die vraag is of die os wat jy na 30 maande bemark op gewig gaan wees. Dit word bepaal deur jou Nguni raam wat jy mee boer. Die IDC is besig om die vroulike mark nogsteeds te bevorder – die vraag is hoe lank dit nog gaan hou? Ons moet nie as Nguni boere in issolasie boer t.o.v. die res van die vleis bees mark nie.

7. **Hoe bemark julle?**

Joernaal, Kalender, Facebook, Internet en ons vertel vir almal. Ons doen baie moeite met ons website. Jy kan op ons website ‘n foto van ons beeste sien en ‘n foto van hulle voorgeslag. Dit gee ons klient ‘n goeie idee waarmee hy gaan boer.

8. **Waar is julle afset gebied van jou beeste? Meer lokale veilings, kommersieel of stoet veilings?**

Ons bemark bulletjies op kommersiele veilings nadat hulle ‘n bietjie uitgegroei het. Die pryse wat ons kry is nogsteeds mark verwant. Dan verkoop ons vroulike en stoet diere by Klub veilings en van die plaas af. Ons plaas is so gelee dat ons aan die Hoëveld Nguni Klub ook verskaf.

9. **Vertel ons van julle gesin?**

Charl is getroud met Rika en het twee pragtige dogters (Claudia en Mia) en ‘n oulike klein mannetjie (Leo) wat nou eers amper een is. Theo is getroud met Ananda en het vir Stefan en Tharine gehad totdat die tweeling seuntjies laas jaar opgeduik het (Thean en Renae). Almal is woonagtig in Pretoria.

10. **Hoe ontspan julle na ‘n dag se werk?**

Ek het Charl drink goeie rooiwyn na ‘n dag op die plaas…

11. **Het julle stokperdjies?**

Charl is ‘n kranige grondpad fietsryer en hou van jag en voëls skiet. Theo swem en doen karate en hou baie van jag ook… Saam drink hulle net goeie koffie en rooiwyn. Die lewe is te kort om swak koffie en rooiwyn te geniet.

Basjan

Killima

Swart is mooi…

Winterkalf - Salome

2010 Verse

Struis

Magriet en Patrys

Nina

Theo van Heerden | PO Box 101107 Moreleta Plaza | 0167 | 0828737399 | N.Nguni.Club@gmail.com

NOORDELIKE NGUNI KLUB NAWEEK



23 en 24 Augustus 2013

PROGRAM

Saterdag 23 Augustus 2013

09:00 - 09:30	Aankoms en Registrasie – R120 per persoon.betaalbaar aan die Klub.
10:00 - 11:30	Rasegte Nguni's met vleis
	Gasspreker
12:00 - 13:30	Middag ete
14:00 - 16:00	Plaas besoek – Breslau Nguni Stoet en kommersiele boerdery
	Dr. Johan Smit
18:00	Bosbraai – R120 per persoon.betaalbaar aan Kareekloof.

Saterdag 23 Augustus 2013 – elke lid wat oorslaap kan die plaas aktiwiteite geniet.

Akkomodasie Opsies – verwys na die aangehegde dokument. **Bespreek asb. direk by Annalize Prinsloo Cell: (+27) 83 654 8139, Email: annalize@bushpro.co.za, of besoek www.kareekloofgamefarm.co.za.**

Kareekloof Wildplaas

GPS: S 25 51 58.7 E 27 3 12.2



VEILINGS, AUCTIONS

It is important to note the auctions in the NNK geographical area – click on the link to find more information on these auctions:

- **Bloedlyn Internet Veiling**: 26 Augustus 2013
  http://www.ecoauctions.co.za/Auctions.asp
- **Noordelike Nguni Klub Veiling**: 2 November 2013
  http://www.ecoauctions.co.za/Auctions.asp
- **Limpopo Veldbul Veiling**: 23 November 2013
  http://www.ecoauctions.co.za/Auctions.asp

BESTUURSLEDE INLIGTING, MANAGEMENT INFORMATION

VOORSITTER: Ray Keeny (Rustenburg) – 0824548476
ONDER-VOORSITTER: Braam Dekker (Louis Trichardt) – 0829292358
SEKRETARIS: Theo van Heerden (Pretoria) – 0828737399
FINANSIES: Charlene Forssman (Pretoria) – 0828224568
VEILINGS: Dr. Pierre Bester (Naboomspruit) – 0828930349
PROMOSIES: Magriet van der Walt (Louis Trichardt) – 0829476968
PROMOSIES: Ephraim Tshabalala - 0739332870
OPLEIDING: Prof. Eddie Green (Pretoria) – 0824530728

Nguni groete,

Theo van Heerden
082 8737399
n.nguni.club@gmail.com
Sekretaris
(Namens die bestuurskomitee)